

**13 April**

Skrifgedeelte: Esra 3:1-6

Fokusgedeelte: Esra 3:3

## 'n Fees teen die vrees

Daar gebeur eintlik niks nuut in die wêreld nie. Jaar na jaar word dieselfde landskap waargeneem, maar elke keer met 'n ander naam en raam. Met die viering van die huttefees het Israel destyds ook telkens voor die besef gestaan. Hulle het dan opnuut teruggedink aan die uittoeg uit Egipte en die moeilike woestynreis. In Esra 3 lees ons dat die volk in die sewende maand weer die altaar opgerig het om hulle offers te bring en om die huttefees te vier. Hulle was baie bang, omdat hulle maar 'n klompie mense tussen die ander bevolkingsgroepe in die land was. 'n Ope-lug erediens is georganiseer, omdat die tempel nog nie herbou was nie. Met die erediens word die vrees van die volk verdryf. Die gedagtes is hiermee teruggeneem na 'n erediens lank gelede in die woestyn toe die volk ook bang was. Met die oprigting van die goue kalf het die volk destyds gespeel dat God in hulle midde teenwoordig is. Hulle was bang, omdat Moses teen die berg op is en volgens hulle te lank weggebly het. Hulle wou nie langer wag nie en maak toe 'n goue kalf om God hierdeur in hulle mag te kry. Die Here het nie die optrede geduld nie.

Nou was die teruggekeerde ballinge diep onder die indruk daarvan dat die Here hulle teruggebring het na hulle land. Dié keer het die volk nie probeer voorgee of 'n speletjie gespeel nie. Hulle het besef dat hulle ooggetuies is van 'n tweede eksodus, 'n tweede uittoeg. Is dit dan nie genoeg rede om fees te vier nie? In ons eie land beleef ons tans 'n tyd waarin mense opnuut weer bang is. Ons is vasgevang in die greep van misdaad. Dan wonder 'n mens of daar nog rede is om opgewonde te raak. Natuurlik is daar meer as genoeg rede tot opgewondenheid. Elke Sondag kom gelowiges immers saam onder die erediens om weer te onthou van die dinge wat ons opgewonde moet maak. Die erediens is 'n fees teen die vrees. Die erediens is dié ruimte wat die Here gebruik om ons entoesiasme te maak. Entoesiasme is om dieselfde prentjie daagliks te aanskou, maar met kleur. Eredienste help my om die kleur van die lewe raak te sien, omdat God deur sy Seun my lewe gekleur het met sy genade.

Sing: Psalm 121:4 (1936)

Dr FP Kruger (Meyerspark)